ter, wat vir 'n leerling die uitspraak van die woord „graaf" moes leer, terwijl hij self nie 'n g kon uitspreek nie. Dit was sij raad: „Nee Jannie, moenie sê kraaf soos meester kraaf sê nie, sê kraaf soos jou pa kraaf sê."

Ook enkele medeklinkers word deur sommige sprekers—onder Engelse invloed, as andersins—geweld aangedoen, b.v.: w in die woord „wel", of wanneer voorafgegaan deur d. t. k of s, in woorde soos „dwaal", „twintig", „kwaad", „swem", ens., waar sommige die w uitspreek soos w in die Engelse woorde „dwarf", „twenty", „quack", „swim" ens. Niemand sal hom hierin vergis nie, as hij net onthou om w as aparte letter uit te spreek en dit nie saam te trek met die voorgaande konsonant nie. Niemand sal b.v. w in „waal" verkeerd uitspreek nie. Hier is dit duidelik 'n labiodentaal, of lip-tandletter. Bou op dié uitspraak, dan kom „dwaal", „kwaal", „twaalf", „swaal" van self reg. Vergelijk b.v. „dwaal" met „de Waal", dan sal ons self die onlogiese daarvan insien om b.v. die eerste woord met 'n Engelse „dubbeljoe" uit te spreek en die man se van anders. Dit breng ons op 'n baie interessante fase van die klankleer, waarbij jij b.v. 'n persoon wat brei dit kan afleer, deur hom sij keel-r te laat vervang deur 'n ander konsonantverbinding—wat ek nou nie die tijd om uit te lê nie. En wat die uitspraak van „wel" betref, moet die persoon wat dit „well" uitspreek, maar uitgelag word—dis die enigste raad.

g word baie keer uitgespreek sjee, b.v. „sjeld".
j word dzjee, b.v. „Dzjohannes", Dzjan", ens.
k voor l word t, b.v. „tlip", tlink", „tlim".

d na n word dikwels met n ge-assimileer, b.v. „kinners", „wonners", ens.

Genoeg, om elkeen te oortuig, dat daar selfs in die uitspraak van die sorgvuldigste sprekers tog nog een of ander leemtetjie is, wat verwijder moet word.

* * *

Verkeerde uitspraak is omtrent die enigste spraakgebrek, wat enige oplettende toehoorder dadelik—dikwels uit 'n enkele voorskrif—kan verhelp. Al die ander leemtes kos oefening en herhaalde mondelinge teregwijsing. Uit 'n lesing of 'n boek is daaraan bloedweinig te verander. Ek sal dus die vernaamste net vlugtig aanstip—net voldoende vertrou ek, om nuusgierigheid tot verdere ondersoek gaande te maak.

## TOONHOOGTE.

Die treffe van die juiste toonhoogte is 'n baie belangrijke oorweging, wat sprekers nie uit die oog moet verlies nie. Die voortdurende gebruik van die stem op 'n verkeerde toonhoogte veroorsaak onberekenbare nadeel aan die spreekorgane.

Die grootste fout hierin is om aan te vang op 'n hoge luide toon—as gevolg van die misleidende denkbeeld, dat die klank dan verder en makliker „dra". Dit is 'n wanbegrip. Die hoogste tone van die stem is bars en skril. Die geluid is dun en skraal en belas die spiere, wat die stembande moet beweeg—en trouwens die stembande self—met oneindige spanning. Ook is dit beslis vermoeiend en nadelig om vol te hou op 'n hoge luide toon.

Voordat die spreker kan besluit op watter toonaard hij sij toespraak gaan aanhef, is allereers

nodig, dat hij in gedagte die grootte en struktuur van die saal moet skat, nl. hoogte, lengte, breedte en vorm; sowel as die invloed wat die galerije, pilare en plafond gaan hê op die akoestiek ook die grootte van die gehoor. Wanneer dié vereistes eenmaal vasgestel is, het jij nog nodig 'n spreker wat geleer het om sij stem so te beheer, dat hij dit kan skik na die wisselende eise.

Die veiligste is om op die middelste toonhoogte aan te hef, en dan op en af te werk, naarmate die tekening van vuur, geesdrif, besieling, triomf, uitdaging; of erns, vrees, verdriet, eerbied, plegtigheid, heiligheid die stem op- en benedewaarts dwing.

## STEMBUIGING.

Dit is 'n onmisbare eigenskap wat behoort aangekweek te word deur elke publieke spreker. Dit is onmisbaar, sowel met opsig tot die sukses wat die spreker wens te behaal, deurdat hij sij gehoor nie verveel nie, as uit die oogpunt van die vermoeiing en renewasie van die stembande, wanneer buigbaarheid nie betrag word nie.

Maar dit is almal leemtes wat alleen onder bevoegde voorligting kan verhelp word. 'n Kursus in spreekkuns sal nie net die genoemde gebreke herstel nie, maar kan in menige opsig weldadige uitwerking hê, om die mees onaangename, eentonige en vervelende spreker tot 'n redenaar te verhef.

Sulke hinderlike aanwensels soos die menigvuldige herhaling van die aanspreekvorm, ,,dames en here'', na elke tweede sin; die vervelende ,,hu-hu'' waarmee die toespraak van lui sprekers—wat nie

hulle onderwerp voorberei nie— deurspek is; en selfs hakkel of stotter kan afgewen word.

In hierdie deel van die studie van spraakleemtes stel ek besonder belang, omdat ek daarin een van mij interessantste ervarings opgedoen het in mij beroep as onderwijser vanmelewe. Met uitsondering van 'n man se been wat ek met skitterende gevolg gespalk het ,nadat twee dokters dit verknoei het—want 'n plattelandsonderwijser wat sij sout wil wêrd wees, moet doktêr, prokureur en predikant tegelijk wees—het ek, in mij oog, nergens 'n groter kerdaatstuk gedaan nie, as toe ek 'n skolier wat so gehakkel het dat hij feitelik stom was, geleer om een van die vlotste lesers en voordraers in mij skool te word. Dus, selfs hakkel of stotter is 'n gebrek wat k a n genees word.

## VOORDRAG.

Voordrag, ofskoon dit feitelik al die vereistes van welsprekendheid, soas uitspraak, spreektoon, ritmus, klemtoon, stembuiging ens. insluit, vorm nogtans 'n afsonderlike tak van die spreekkuns, en verdien ten slotte 'n kort beskouing.

Voordrag is die kuns om, deur middel van gepaste uitdrukking van stem, spraak en houding, die menselike aandoeninge en verstandelike gewaarwordinge beeldend mee te deel.

Voordrag is 'n kuns, en die toppunt van die kunstigheid van voordrag bestaan daarin, dat die spreekkuns sò handig aangewend word, dat die k u n s verberg word en sodoende natuurlik word. Die tegniek moet eers ingedrink, en tot oordrijwens toe ge-assimileer word, en daarna sò besnoei, dat alle gekunsteldheid verdwijn—want gekun-

steldheid of gemaaktheid is die vijeblaar van oppervlakkigheid.

Oefening is hoofsaak. 'n Genie mag gebore word, maar 'n redenaar word gemaak. Sansom, die groot Franse voordragkunstenaar het gesê (hij sal die seker in Frans gesê het, maar ek het dit in Engels gelees): ,,No man can be master of his public till he is master of himself; he can only be master of himself when he is master of his voice and manner; and he cannot be master of these two most important factors to success until he has learned it by hard practice more than by theory."

Erns en opregtheid moet die optree van 'n spreker of voordraer kenmerk, as hij sukses wil oogs; sonder aanstellerigheid, opgeblasenheid en alle sweem van gekunsteldheid, moet sij houding vol lewe en gevoel wees en besiel met eenvoud en natuurlikheid.

So oneindig veel hang af van die wijse waarop die inhoud van 'n toespraak voorgedra word, dat al die vernaamste redenaars van vroeër en vandag besef het, dat hulle alleen deur voordraers te word, welsprekendheid kon kweek. Quintilianus het dié waarheid pittig uitgedruk in die volgende bekentenis: ,,Sonder twijfel kan 'n baie oppervlakkige toespraak, wat goed voorgedra word, 'n beter uitwerking hê as die allerbeste, wanneer genoemde voordeel ontbreek."

Ek het al baie die aanmerking gehoor, dat dié of dié nooit 'n goeie spreker sal kan word nie, omdat sij stem te eentonig is. Sij stem eentonig? Sê dan liewer 'n ongestemde viool is vals!

Elke stem is geskik, net dit moet gestem word, want sonder die nodige stembuiging is die luidste stem maar net goed om die gehoor aan die slaap te maak. Immers, eentonigheid is 'n eigenskap wat onmisbaar is in 'n wiegelied. Solang as die moeder b.v. volhou met:

,,Slaap, kindjie, slapies,
Daar buite loop die skapies.
Skapie het witte voetjies,
Drink sij melk so soetjies''—

en dan maar weer van vooraf aan—slaag sij daarin om die kind se gees al meer in slaap te laat wegduik; maar sodra sij uitskei en die kat van die vleis af verwilder, of iets anders selfs op 'n sagter toon te sê, of heeltemal stilblij skrik die kind van die geraas of die stilte wakker. Probeer dit ook op uw gehoor! Gee hul nie 'n kans om aan slaap te raak, deurdat u op een ou deuntjie staan en losdreun nie (amper sê: blij tog ook af en toe 'n bietjie stil!)

Die waarde van voordrag spreek uit die woorde van Cicero: ,,Die wondermag van welsprekendheid is gelege in die wijse van voordrag van die skone gedagtes van die spreker." En wie ken nie die gevleugelde woord van Demosthenes nie—die man wat, toe hij 'n mislukking geblijk het as redenaar 'n onderaardse saal ingerig en elke dag ure lang voor die spieëls geoefen het om voor te dra—gevra wat die vernaamste vereiste in 'n goeie toespraak is, antwoord hij: ,,Daar is drie vereistes. Die eerste is voordrag, die tweede is voordrag en die derde is voordrag.

Om eentonigheid te vermij, moet die spreektoon gelijke tred hou met die aandoening wat die woorde behoort te begelei.

Dit is nl. 'n doodgewone verskijnsel om 'n politikus aan te tref, wat met dieselfde gesig en op dieselfde toon die bitterste, sowel as die grappigste en die allertreurigste waarhede staan en verhaal.

Met toneel-amateurs het ek dit b.v. gehad, dat hulle in stem en gelaatstrekke geen die minste verskil maak tussen b.v. die volgende:

,,Ag asseblief tog.''

,,Mij kind, het ek jou tog daarvoor swaar groot gemaak, dat jij mij nou vandag so'n verdriet moet aandoen?'' of

,,Ek gebied jou om dit onmiddellik te doen!'' instede van die stembuiging en gelaatstrekke te pas te breng om die verskil in aandoening af te beeld.

Dit is 'n besondere segen, wanneer 'n spreker se stem vir groot verskil in sterkte vatbaar is. Hij vermag altijd meer met sij spreekorgaan, wanneer hij op die sags moontlike fluistertoon hoorbaar en verstaanbaar is, en hij daarteenoor weer met donderende stem kan losbreek, wanneer 'n harder toon vereis word om indruk bij te set.

Maar niemand hoef te wanhoop nie. 'n Baie middelmatige stemgeluid kan tot so'n mate van plooibaarheid gebrei word, dat dit die hoogs moontlike mate van verskil in volume kan te weeg breng. Hoe dit ook sij, afwisseling is noodsaaklik, en moet beoefen word. Neem b.v. die kragsverskil in die volgende vijf versies van A. D. Keet:

,,Kom, Afrikaners, sing 'n Lied,
Laat hoor jul stem in sang!
'n Nasie in sij lentetijd
Gevoel die digkuns drang.

Hef aan 'n lied van heldedaad,
Van mag teen owermag:
'n Nasie, wat sij helde eer,
Sal niemand ooit verag.

Sing saggies van jul vroueleed—
Maar wees op almal trots:
'n Nasie, wat sij vroue eer,
Staan vaster as 'n rots!

Sing oor die vrede van die veld,
Van koppie en van rand:
'n Nasie, wat sij woonplaas eer,
Bou nooit op losse sand.

Kom, Afrikaners, sing nou luid,
En laat jul stemme hoor,
Hef aan 'n lied wat oweral
Ons Nasie sal bekoor!

Ek het u nou 'n paar spraakgebreke genoem—die lijsie is nog volstrek nie uitgeput nie—nou gaan ek u die middel aankondig, waardeur u van dié gebreke kan bevrijd raak.

Daar bestaan 'n Afrikaanse Kultuurvereniging in Pretoria, waaraan verbonde is 'n skool vir spreekles. Die eerste drie artiekels van die statute is van belang en lui as volg:

I. ,,Die naam van die Vereniging is die Afrikaanse Kultuurvereniging en Toneelskool.

II. Die doel van die Vereniging is die bevorde-

ring van die Afrikaanse Taal, Lettere, Kuns en Kultuur.

III. Ter bereiking van dié doel, beijwer die Vereniging sig om:

(a) Toneelstukke van opbouende strekking en letterkundige waarde op te voer;
(b) Deur voordragkonserte te help om die Afrikaanse sang, musiek en digkuns bekend te maak en waardering daarvoor op te wek;
(c) Op ander wijse bij te dra om alle Afrikaanse kunsvorms populêr te maak;
(d) Deur die instandhouding van 'n Toneelskool bij te dra tot die suiwerheid van taal en uitspraak;
(e) Deur die uitskrijwe van prijsvrae die voortbrenging van goeie, verédelende toneelstukke aan te moedig;
(f) Deur al dié midele 'n eie hoogstaande Afrikaanse Kultuur te skep en te bevorder."

Dat ek self die leiding van die Toneelskool op mij geneem het, instede van te wag totdat 'n bekwamer persoon, miskien uit Europa, opdaag daarvoor, maak ek geen verontskuldiging nie. Immers, ek lees nergens—nie in die materialistiese, verstandelike nog geestelike lewe nie—dat ek die reg het om mij een talentjie te begrawe, net omdat ander weier om met hulle vijf te woeker. Ek onderneem dit dan ook net om ander, wat dit beter kan doen, in die skande te steek, en beloof plegtig om die leiding oor te maak aan die eerste die beste, wat gewillig en bekwaam is om dit op hom te neem, en dan word ek sij leerling.

Intussen nodig ons alle skrijwers, digters en ander kunstenaars of kunsliefhebbers uit om bij die

Vereniging aan te sluit, hetsij as werkende of kunsliewende lid. Ook nodig ons leerlinge uit vir die Toneelskool.

Toneel is miskien nie 'n ideale kunsvorm om bij uitstek as middel tot skepping van 'n eie kultuur aan te wend nie—veral waar toneel al deur sij ontaarding in onag geraak het. Dis nietemin 'n kragtige middel, en miskien juis omrede van sij ontaarding die moeite wêrd om ter hand geneem en verédel te word.

Ons mense wil tòg die skouburg besoek. Nou waarom dan toegelaat, dat hulle die allersotste klugte gaan sit en aangaap, waar hulle moreel as andersins tot in die grond bedorwe raak! Waarom nie 'n eie verheffende, opbouende toneel grootmaak nie? En—wat moraliste ook al teen die toneel in te brenge het—dit i s 'n magtige faktor tot volksopvoeding. Die skouburg k an verhef word tot 'n bondgenoot van die kerk, deur dit op te hef tot 'n middel om na-aapsug en verwording aanskouelik te laak, en ideale toestande aan te prijs. Dit kan dien as middel om waardering op te wek vir eie letterkunde en om taalliefde en taalgevoel te kweek.

Ons Vlaamse taalgenote het dit besef en om nie ten onder te gaan nie, in die taalstrijd—wat in alle opsigte presies dieselfde is as hier bij ons—het hulle bloeiende Vlaamse skouburge instandgehou.

Wie wil die swaard tot ons eie taalstrijd aangord, deur die Afrikaanse Kultuurvereniging en Toneelskool te ondersteun? Daar is o so baie te doen op die terrein van 'n eie kultuur—ja 'n eie beskawing! Die engelssprekende seksie het hulle

„Young Women's Christian Association" en „Young Men's Christian Association". Waar is òns „Kristelike Meisies-Inrigting", wat as 'n oasis kan dien in hierdie wije woestijn van wêreldsgesindheid, om die jongmeisie wat van elders hier kom werk, tot verkwikking en lafenis te strek, temidde van die onversadigbare genotsug? Waar is ons „Kristelike Jongmanne-Inrigting"—'n vuurtoring aan die oewer van die onmetelike oseaan van losbandigheid, om te verhinder dat die boot van kuisheid, selfrespek en manlike trots van die jongeling ver van die ouerhuis te pletter sal slaan teen die rotsgevaartes van verleidelikheid en verderflike geselskap.

Afrikaners, staan op! Bekommer julle oor die toekomstige kern van die Afrikaanse volk! Red die jongelingskap van ons Nasie van sedelike, maatskappelike, nasionale en geeslike verwording: Wees jou broeders hoeder en help ons jongmense om nuttig en bruikbaar te wees, want:

Hoe mooi is dit om 'n bloedjong man
In sij volle krag te sien:
As hij maar net wil en durf, dan kan
Hij roem vir sij volk verdien!

En hoe fraai is dit om 'n fris jong nooi
In haar lentebloei te sien:
Die toekoms is tog, o so mooi,
As sij maar haar volk wil dien.

Dit k a n en m o e t en s a l die Kultuurvereniging bewerk, as ons die ondersteuning van die ganse Pretoriase hollandssprekende publiek kan krij:

Ons gaan 'n Afrikaanse leeskamer stig—in kort, 'n gesellige bijmekaarkomplek.

Ondersteun ons Vereniging en ons gaan in Pretoria 'n eie skouburg krij. Ons gaan ons skrijwers en digters en ander kunstenaars wegruk van agter die sluier van vergete en verwaarloosde pioniers, deur met voordraggeselskappe deur die land te toer, en meteen tentoonstellinge van skilderije en ander Afrikaanse kunswerk te organiseer.

Dames en Here ek sien rijke vrugte op ons werk. Ek sien ons poging bekroon met die vrug van 'n nasionale oplewing, soas die politisie nie instaat is om te bewerk nie. Ek sien skrijwers opstaan en die beste lewer, wat die letterkunde van die wêreld ooit voortgebreng het; want ons reklame-werk gaan hulle aanmoedig en besiel. Ek sien die aandag van die buiteland gevestig op ons bloeiende kultuur. Ek sien 'n Afrikaanse skouburg-geselskap met 'n repertoire van Afrikaanse en Engelse toneelstukke, uit Afrikaanse bodem. Ek sien hulle toer deur Holland, België, Amerika en Engeland. Ek sien die bewoners van die lande se oge gaan oop en ek hoor hulle mekaar afvra: ,,Maar dis tog nie barbare nie! Is dit die uiting van die ongekunstelde siel van die Afrikaner, wat die mense hier vertolk? Dan is hulle nie onbeskaafd nie! Hulle is 'n opkomende kultuurvolk. Hulle was aan ons verkeerd voorgestel deur die vuige laster en die vijandige geskrijf van liede, wat as huurlinge die vuilwerk gedoen het van gewetelose staatsmanne, wat daar belan- bij gehad het om ons onkundig te hou aangaande daardie nasie!'' Ek sien hulle agiteer teen hulle

owerheid, dat hulle moet uitskei om ons as 'n minderwaardige volk te behandel.

Dames en Here, ek wil nie sê dat ek die fondament van so'n ideale toekomsdroom kan bou nie, maar dit wil ek sê, dat ek met uw hulp kans sien om met mij toneelskool die klippe aan te karwei van die fondament, wat andere sal opbou, heg en onwrikbaar. En die van u wat nuusgierig is om meer te hoor as wat ek nou kan sien, nodig ek uit om oor 'n maand te kom luister na 'n lesing van mij oor die „Toekoms van die Afrikaanse Toneelkuns''. En bij name nodig ek alle lede van alle plaselike toneelgeselskappe.

Die meerderheid van ons hier vanaand, is ek seker, smag na staatkundige onafhankelikheid vir ons land; maar ek verseker u, dat van die vurigste pleitbesorgers vir 'n soevereine staatkundige onafhankelikheid, nie 'n druppel begaan is oor ons slaafse ekonomiese en kulturele onderhorigheid nie—en daarin is ons tog baie meer te bejammer! Laat ons sterk en selfstandig word op letterkundige, kuns- en kultuurgebied, en ook ekonomies, kommersiëel en industriëel, en dit staat vas, dat onafhankelikheid sal moet volg. Want so min as 'n onderwijser graag 'n kind in sij klas sal wil hou wat slimmer is as hij; of net so min as 'n ouer sal weier om 'n kind mondig te verklaar, wanneer hij sien dat die kind 'n selfstandige karakter ontwikkel en oud genoeg is om sij weg self te volg; net so seker sal geen moontheid daaroor droom nie, om 'n volk onderworpe te hou, wanneer die volk sij moederland verbij streef.

Laat ons in ieder geval die een doen en die ander nie nalaat nie!

Laat ons almal minder p r a a t en meer d o e n,

dan sal die dag soveel eerder aanbreek, dat ons met die digter sal kan sing die lied van „Groot Suidafrika".

Hoor maar:

„Van waar Sambesie dreun
Tot Tafelberg se top.
Gròòt rijs Suidafrika
Voor mij verbeelding op:

Ek sien hoe groot riviere
Deur onse hand gelei,
Verkwikking breng vir diere
En mense, moeg gestrij.

Ek sien hoe koringvelde
Ons dor Karroo verrijk;
En oral vir ons helde
Gedagtnis-tekens prijk.

Ek sien wel duisend stede
Verrijs van uit die grond;
Ek sien ons volk tevrede,
Herenig en gesond.

Ek sien die Afrikaander
Regeerder van sij land:
Ek sien die buitestaander
Reik hom die broederhand.

Ek sien ons arendsvlugte,
Ek sien ons bloue lug,
Ek hoor geen droewe sugte,
Ek sien ons vrijheid trug.

Suidafrika is groot,
Suidafrika is rijk—
Dit sal nog uit sij hart
En uit sij harsings blijk!"

Dit sij so.

# DIE TOEKOMS VAN DIE AFRIKAANSE TONEELKUNS.

(Lesing gehou in die stadsaal, Pretoria, op 15 Oktober 1920, onder beskerming van die Afrikaanse Kultuurvereniging).

Dames en Here, 'n mens kan alleen 'n beskouing van die t o e k o m s van 'n saak gee, wanneer die v e r l e d e en die h e d e daarvan enigsins algemeen bekend is. Wil ons dus in 'n verhandeling tree oor die Toekoms van die Afr. Toneelkuns, dan moet eers iets van die ontstaan en die geskiedkundige verloop tot op vandag meegedeel word.

Vir dié doel sal ek hier invleg die hele inhoud van 'n lesing oor die Afr. Toneelkuns wat ek amper twee jaar gelede—op 17 Februarie 1919—gehou het voor 'n gekombineerde vergadering van Witwatersrandse Toneelgeselskappe.

'n Groot gedeelte van die historiese gegewens ontleen ek aan Dr. Besselaar se „Zuidafrika in de Letterkunde."

Letterkunde word hoofsaaklik verdeel in drie afdelings, t.w.: Prosa, Poësie, en Drama, wat elk weer op sij beurt onderverdeel word in verskillende kategories.

B.v.: Prosa: histories, romanties, krities, ens.;

Poësie: epies, lyries, idyllies, ens.;

Drama: Klug-, Treur-, en Blijspel, ens.

Drama, in die engere sin van die woord, be-

teken al reeds Treurspel; maar eintlik beteken Drama: die geheel van Letterkundige voortbrengsele, so geskrijwe, dat dit kan opgevoer word. Terwijl alles wat met sodanige opvoering in verband staan, begrijp word in die woord Toneel.

Soos u egter aanstonds al sal bemerk, besig ek in hierdie verhandeling die term Drama in die wijds moontlike sin, en sluit ek in, sowel die geskrewe as die opgevoerde toneel. Ek vra dus uw welwillende aandag vir 'n beskouing beide van litterêre kuns en van ethiek.

Om die ware oorsprong van die Afrikaanse Drama na te vors, sou ek U te ver terug moet neem, nl. tot die oorsprong van die Hollandse Drama—wat alweer op sij beurt iets van die Franse en Duitse om die lijf 't—iets nagenoeg van die geaardheid van die voorstellings wat U b.v. in die Duitse Kerk te sien krij, met die viering van Kersfees.

Waar die Afr. Drama dan ook al geleen of gesteel mag wees, neem ek die draad daar op waar die Toneel of die Drama vir die eerste maal sij verskijning in ons Land gemaak het.

Op dié gebied 't daar nl. van die jaar vroeg af al bedrijwigheid in Kaapstad bestaan, wat seker hoofsakelik geïnspireer geword is deur die seemanspubliek, wat na eentonige seereise met weinig vermaak tevrede is. In die Memoirs van Borcherds en in die Briewe van Lady Anne Barnard word ons vermeld van aktiviteit op dié gebied, sedert die vroegste begin van die 19de Eeu. En die franse reisbeskrijwer Le Vaillant gee die volgende beskrijwing in sij reisverhaal: ,,Voyage

dans l'Intérieur de l'Afrique":,,Hoewel oral toebereidsele gemaak werd, en mens elke oomblik 'n aanval van die Engelse vloot gevrees 't, 't die soldate hul tog aan allerlei vermake oorgegee. In die more werd daar geoefen, maar in die middag 't die soldate komedie gespeel. Die vrouerolle werd toegewijs aan dié kamerade, wat deur hulle jeugdige, sagte, rosige gelaatstrekke, daarvoor in aanmerking gekom 't. Franse blijspele was die algemene onderwerp van gesprek. Dames van deftige stand 't aan die spelers en would-be speelsters hulle kante en juwele geleen; maar vir baie van hullé 't dit duur te staan gekom, daar dit dikwels gebeur 't, dat een of ander aangeklede hertogin, haar geleende vere bij die soldatekantien verruil 't vir twak of brandewijn, sodat die wettige eigenaresse hulle juwele alleen kon terugkrij, as hul vir die genietinge wou betaal. Spoedig 't aan die onbesorgde en ongereëlde lewe 'n einde gekom, daar, met die oog op die oorlogsgevaar, die toevoer van klinkende munt opgehou 't, salarisse nie meer uitbetaal werd nie, en die prijs van lewensmiddele opgegaan 't. Meer as een 't gebrek gelij.

Twee helde van die blijspel 't hulle nou daarop toegelê om papiergeld uit te gee, wat hulle toe helde van 'n werklike treurspel gemaak 't."

Tussen die jare 1810 en '20 't daar op die Boereplein—wat nou bekend is as Van Riebeeksplein— in Kaapstad 'n Komediehuis gestaan. Die gebou is nou die St. Stefanus-Kerk van die Kleurling-gemeente. Later, tussen die jaar '40

en '50 't die Kapenaars voorstellinge gegee in 'n ou pakhuis.

Maar die Toneel 't eers behoorlik tot sij reg gekom, toen op 4 Oktober 1866 die Rederijkerskamer Aurora gestig werd, met die sinspreuk: ,,Onvermoeide vlijt komt alles te boven''. Die oprigters was vijf Hollanders—en ek denk dis die moeite wêrd om die name te noem van hierdie eerste bestuur van die eerste Toneelvereniging in ons land: en die van ons wat besef, dat die opgevoerde Drama een van die kragtigste middele van Taaluiting, opbou en bestendiging is, sal seker bij die aanhore van die name van hierdie pioniers op die stuk van ons Afrikaanse Drama, hulle verenig en hulde te kenne gee—hulle name is: ,,W. F. Stamrood (voors.), M. N. J. Gijselman (Sekr.), F. Koster, A. H. Koster en H. W. Teengs. Die eerste verrigtinge 't sig op beskeie skaal afgespeel in 'n huiskamer, op 15 Nov. 1866, en was beperk tot die resitere van gedigte, en fragmente uit treur- en blijspele.

Na 'n jaar 't die vereniging 5 ere-lede getel, 7 werkende, 17 toeskouende of leerlingledle, en 76 gewone lede. Toen 't Melt Brink Sekretaris van die Ver. geword en 't dit vir 20 jaar geblij, met F. Koster as Voorsitter.

Die ontdekking van die diamant- en goudvelde het, omstreeks die jaar 1887 die Kaapse Musesone naar die noorde laat verhuis, waardeur die aandag van Aurora afgetrek werd. Ook die sportgees en die toenemende uithuisigheid het die opkomende geslag vervreem van die aantreklike en huiselike oefeningsaande.

Aurora 't in geheel 103 openbare uitvoerings

gegee, met 38 drama's of treurspele en 67 blijspele.

Aurora 't onder sijn ere-lede getel, o.a. „Onze Jan", en die presidente Brand, Burgers en Kruger.

In tije van groot louheid was dit Aurora wat die lampie van taalliefde brandend omhoog gehou het. Deur sij of hààr bemiddeling—ek weet nie of Aurora mannelik of vrouelik was nie: ek glo vereniging is vrouelik, wat ek onregverdig vind, want wat omtrent die mannelike lede van so'n vereniging? Ik sou graag wil 'n vrouelike vereniging van skaap- en bokboere of skerpskutters sien. Maar ter sake—ik sê dit was deur Aurora se bemiddeling dat Hollandse Toneelgeselskappe instaat gestel werd om nou en dan in ons land op te tree.

Nadat in 1908 mevr. Truus Post en mnr. Arbous, twee nederlandse artieste, 'n kunsreis gemaak 't deur S.A., en Hollandse voordragte gehou 't, is die proefneming nie weer herhaal nie. Daar is egter hier weer 'n poging op tou om Prof. dr. Lauwerijs, die groot Vlaamse Voordraer en elokusionis, naar S.A. te laat uitkom om 'n reeks voordrae in ons land te gee. Dis te hope dat die plan tot rijpheid kom. (Soos u almal weet h e t dit tot rijpheid gekom).

Ik noem in die verbijgaan net nog 'n paar toneelverenigings, wat in later jare lofwaardige poginge aangewend 't om ons toneelwese op 'n taamlik verhewe voetstukkie te handhaaf.

„Onze Taal" toneelvereniging van die Nederlandse Vereniging te Pretoria, wat voor die driejarige oorlog baie aktief was, 't na die oorlog

weer nou en dan helder opgeflikker, maar 't uiteindelik weer die weg van alle vereniginge gegaan. Onder sij—nee haar: Taal is beslis vrouelik, want ons praat van ,,Moedertaal", ,,Onze Taal" is dus ook vrouelik—onder haar spelers dan, was talentvolle kragte, soas die dames Engel en Sievers en die here Postma en Hilhorst: die dames is nl. speelsters.

Die Afrikaanse Toneelvereniging van Pretoria 't vir 'n aantal jare mooi koers gevat, en 't baie sukses gehad met die opvoering van ,,Ou Daniel" deur H. Oost, en vertaalde stukke soas: ,,Piet se Tante" (Charlie's Aunt), ,,Die Badgaste" (albei van Stef. Maré), en ,,Erasmus se Erfgename" (van Gustav. Preller vertaald uit Zola). Hulle wou later 'n bietjie hoog vlie, en 't geval met die kop onder die lijf, deurdat hulle met die opvoering van ,,Medéa" nie hulle onkoste kon dek nie, die gevolg was likwidasie.

'n Manmoedige poging en tegelijk 'n waagstuk was die stigting van die ,,Pretoriase Afrikaner-Toneelvereniging", wat in die hartjie van die oorlog gestig werd, en waar ek die eer gehad 't om voorsitter van te wees, tot twee jaar gelede toen ek mij burgerskap daar verruil 't om inwoner te word van die Goudstad. Die geselskap 't taamlik sukses gehad, en ons 't naar verskeie buiteplekke getoer, met 'n repertoir bestaande uit die ,,Wereld die draai", ,,Die Famieliesaak" van Langenhoven, e.a. Die glansstuk van die ver. was ,,Die Hoop van Suid Afrika" van Langenhoven. Ook met ,,Die Heldinne van die Oorlog" van Jan Celliers en ,,Die Spioen en sijn Handlangers" van De Waal 't ons skitterende